

GENEALOGICAL SOCIETY OF SOUTH AFRICA
NORTHERN TRANSVAAL BRANCH
NUUSBRIEF - No.9 - NEWSLETTER
Oktober- 2011 – October

ONVERWAGSE GEVOLG VAN BIETJIE SNUFFELWERK

A1b1 Arij van Wijk se sterfdatum was nog altyd vir my ietwat van 'n onbekende faktor. Ek het wel geweet dat hy voor 15 Sep 1714 moes gesterf het want dit is die troudatum van sy weduwee Cornelia Helms met Jacob Coetzer. (Van Wyk CD weergawe 3.) Ek het ook verneem dat hy gedurende April 1713 siek geword het tydens die groot pokke-epidemie van daardie jaar. Sy testament is gedurende April 1713 gefinaliseer. In die artikel "The stamvaders Willem and Arij van Wijk" beskryf Richard Ball die gebeure rondom Arij in daardie tyd volledig. Hieruit blyk dit dat Arij waarskynlik iewers in 1713 oorlede is.

Ek het snuffelwerk gaan doen op die Stellenbosch Heemkring se webwerf by www.heemkring.org.za en op die onderstaande afgekom.

"Stellenbosse Dode- en Grafregisters met verwante registers en agtergrondinligting saamgestel deur Ockert Malan."

'n Lys van persone wat/vir wie "kerklike gerechtigheid" (begrafnisgelde) betaal het/is tussen 1710 en 1724. In die lys 1/STB 12/17 (36) (1713) gaan dit o.a. oor Arij van Wijk.

'n Gedeelte van die 1713 lys met opskrif: "Stellenbosche Cassa debet a:o 1713 P:r Transport f9943:6: In Cassa van de Coster Bastiaan Cerael ontfangen wegens kerklike gerechtigheid van de volgende overledene als den 2 decemb:r." verskyn op die foto hieronder. Helena Liebenberg het vir my die vertaalwerk gedoen.

Hieruit kon ek aflei dat Arij waarskynlik voor 2 Desember 1713 oorlede is. 1713 was die jaar van die eerste groot pokke-epidemie aan die Kaap. Baie mense het gesterf wat veroorsaak het dat die opskryfwerk gedurende daardie tyd opgehoop het as gevolg van die groot aantal begrafnisse wat plaasgevind het. Die lekkerte vir my was die ontdekking van die afdruk van die gedigitaliseerde inskrywing in die kasboek van die NG Kerk te Stellenbosch soos dit in die Stellenbosch Heemkring se webwerf verskyn. Ten minste weet ek nou dat Arij tussen April 1713 en voor 2 Desember 1713 oorlede is.

Maar dit is nie al nie, ek het ook 'n inskrywing oor Trijntje Jans (van Wijk) die vrou van Roelof Adrianz van Wijk raakgeloop. Tot dusver het ons geweet dat sy circa 1637 in Nederland gebore is en aan die Kaap gesterf het maar die sterfdatum was onbekend. (Van Wyk CD Weergawe 3.) In 1/STB 12/15 (47) (1700) kry ons 'n soortgelyke inskrywing as dié van Arij en die datum word aangegee as 9 Feb 1700. Ons kan nou met sekerheid aanneem dat sy dan in circa Feb 1700 oorlede is. Ongelukkig word die sterfdatum nie in die "Cassa" aangetoon nie. Ons kan dus ook hier nou sluiting kry.

En net toe ek gedink het ek weet nou min of meer alles van Arij van Wijk, toe verneem ek van persoonlike mededelings vervat in *smeekschriften* (tot 1716), later *versoekschriften*, en woordelikse getuienis deur persone uit buitedistrikte soos Swellendam en Graaff-Reinet, in Raadsake. Op 7 Maart 1707 sê stamvader Arij van Wijk, 'n *vrijburger*, vir sy amptenaar-skoonseun wat die ongewilde goewerneur Van der Stel se bevele uitvoer: "... jij selt nouw geen boeren meer vangen." – VOC Resolusies. Miskien is hierin 'n lessie vir ons opgesluit. Ek dink ons het vir lang jare jag gemaak op name-en-geboortedatums-en-wie-behoort-aan-wie-en-wie-pas-waar-in. Dit is eers later jare, lyk dit vir my, dat ons begin besef het maar daar was ook dinge wat rondom hierdie voormense van ons gebeur het wat nuwe perspektiewe na vore kan bring. (Persoonlike mening van **Ferdie van Wyk**.)

The image shows a handwritten ledger page from the Stellenbosch Church records. The page lists several entries, each consisting of a name and a corresponding amount. The names are written in cursive Dutch, and the amounts are preceded by a symbol resembling a 'P' or 'P:r'. The entries are:

Om 2 Decemb'r voor Pietter Roelofsz	
Jan. Ilbertz	
fancina	
Sara Gantz w/o Wijden Andries Olofze	
Jacobus van Den en Oostevelde vrouwe	
W vrouwe van Jan Mahiën	
gerit Cloete	
Willem Ilbertz	
Arij van Wijk	
Suzanna Doendaal	